Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 11

# NOVEMBER 2018

# AFRIKAANS HUISTAAL V2

**PUNTE:** **80**

**TYD:** **2½ uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 18 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees die volgende instruksies noukeurig deur voordat jy die vraestel beantwoord.

2. Moenie probeer om die hele vraestel deur te lees nie. Raadpleeg die inhoudsopgawe op bladsy 4 en kies die tipe vraag wat jy wil doen. Neem die voorskrifte by elke vraag in ag.

3. Die vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A: Gedigte (30)
   AFDELING B: Prosa (25)
   AFDELING C: Drama (25)

4. Beantwoord VYF vrae in totaal: DRIE in AFDELING A, EEN in AFDELING B en EEN in AFDELING C.

5. **AFDELING A: GEDIGTE**
   Gesiene gedigte – Beantwoord TWEE vrae.
   Ongesiene gedig – Beantwoord die VERPLIGTE vraag.

   **AFDELING B: ROMAN**
   Beantwoord EEN vraag.

   **AFDELING C: DRAMA**
   Beantwoord EEN vraag.

   **KEUSE VAN VRAE BY AFDELING B (ROMAN) en C (DRAMA)**

   - Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG. As jy die opstelvraag in AFDELING B beantwoord, moet jy die kontekstuele vraag in AFDELING C beantwoord. As jy egter die kontekstuele vraag in AFDELING B beantwoord, moet jy die opstelvraag in AFDELING C beantwoord. Gebruik die kontrolelys op bladsy 5 om jou te help.

6. **LENGTE VAN ANTWOORDE**

   - Die lengte van die opstel vir die gedig is 200–250 woorde.
   - Die lengte van die opstel vir die roman en drama is 350–400 woorde elk.
   - Die lengte van die antwoorde van die kontekstuele vrae word bepaal deur die puntetoekenning van elke vraag. Beantwoord die vrae bondig en relevant.

7. Volg die opdragte aan die begin van elke afdeling noukeurig.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Beantwoord ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

10. Voorgestelde tydsindeling:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | ongeveer 40 minute |
| AFDELING B: | ongeveer 55 minute |
| AFDELING C: | ongeveer 55 minute |

11. Skryf netjies en leesbaar.

## INHOUDSOPGAWE

**AFDELING A: GEDIGTE**

**Voorgeskrewe gedigte: Beantwoord ENIGE TWEE vrae.**


| VRAAGNOMMER | VRAAG | PUNTE | BLADSY |
|---|---|---|---|
| 1. *Pa* | Opstelvraag | 10 | 6 |
| 2. *Gestorwe planeet* | Kontekstuele vraag | 10 | 7 |
| 3. *Vraag* | Kontekstuele vraag | 10 | 8 |
| 4. *Niks is waarna dit lyk nie* | Kontekstuele vraag | 10 | 9 |

**EN**

**Ongesiene gedig: Verpligtend**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 5. Wat die sterre sê | Kontekstuele vraag | 10 | 10 |

**AFDELING B: ROMAN**

**Beantwoord EEN vraag.***

| | | | |
|---|---|---|---|
| 6. *Droomdelwers* | Opstelvraag | 25 | 11 |
| 7. *Droomdelwers* | Kontekstuele vraag | 25 | 11 |

**AFDELING C: DRAMA**

**Beantwoord EEN vraag.**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 8. *My Japan* | Opstelvraag | 25 | 14 |
| 9. *My Japan* | Kontekstuele vraag | 25 | 14 |


***LET WEL:** Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG uit AFDELING B en AFDELING C onderskeidelik.

**Jy mag NIE TWEE opstelvrae of TWEE kontekstuele vrae beantwoord NIE.**

**KONTROLELYS**

Gebruik die kontrolelys hieronder om te kontroleer of jy die korrekte getal vrae beantwoord het.

| AFDELING | VRAAG-NOMMER | GETAL VRAE BEANTWOORD | MERK ✓ |
|---|---|---|---|
| A: Gedigte (Voorgeskrewe gedigte) | 1–4 | 2 | |
| A: Gedigte (Ongesiene gedig) | 5 | 1 | |
| B: Roman (Opstel- of kontekstuele vraag) | 6–7 | 1 | |
| C: Drama (Opstel- of kontekstuele vraag) | 8–9 | 1 | |
| **LET WEL:** Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG uit AFDELING B en AFDELING C. | | | |

## AFDELING A: GEDIGTE

## VOORGESKREWE GEDIGTE

Beantwoord ENIGE TWEE vrae.

### VRAAG 1: OPSTELVRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vraag wat volg.

**Pa – Marlise Joubert**

hy was nie ʼn man van staal nie

waar die reën se blink some
alkant oor die berge sleep
hoor ek hom lag hoor ek hom praat
waar die knettervuur van son
die heuwels kaal skeer
hoor ek hom ween hoor ek hom roep

pa was nie ʼn man van staal nie
pa was in murg en borsbeen
ʼn doodgewone man

ontslape vertoef hy soms in my drome
dans rond in stiltes van my boord
versteur deur die wilgertoiings
ryg wingerdharte aanmekaar
en hang dit elke dag
voor my kamervenster oop

op die lessenaar drup sy inkpen leeg
glip die lig van ʼn lamp oor die laaste brief:
*ek was ʼn doodgewone man*
*met borswonings van lag en van huil*
*murgsag en in die liefde geskaad*

*en my dood was soos dit ons aarde behaag*

[Uit: *Lyfsange,* 2001]

Die gedig bevat die spreker se diep heimwee en herinneringe aan haar oorlede pa.

Bespreek hierdie stelling in ʼn opstel van 200–250 woorde. **[10]**

## VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Gestorwe planeet – Eveleen Castelyn**

Aerosolkannetjies pons gaatjies
in die dun osoondoek rondom
die aarde gespan –
toe smelt die pole,
seevlakke styg, uitgelate
gifgasse klim van onder
tot bo in die Hemel
en die Here alleen weet
wat het geword van die groen
gordels reënwoude
wat Hy geplant het.

Stofgepoeierde karkasse draf
oor die ver verlate vlaktes,
in die skoot van die skatkamers
edelgesteentes en minerale
rus dromme kernkragafval
TOT IN DOOMSDAY
Tjernobil en Three Mile Island
se halfleeftyd-uitstraling!

Menslike faeces in die bergstrome:
riviere mond uit in ’n riool-
oseaan, perdjies met blink
gekamde olieswart kuiwe
en skuimende rasende bekke
slaan dood neer, gevrekte visse
en voëls soos skulpe uitgespoel
op die strande, sing die swanesang
van ’n verlore paradys – gestorwe
planeet gemaak
met mensehande!

[Uit: *Kubermens*, 1999]

2.1 Verklaar die funksie van die aandagstreep in versreël 3 en die enjambement in versreël 5–6. (2)

2.2 Verduidelik hoe die titel van die gedig progressief deur die loop van die gedig ondersteun word, deur die probleem in elke strofe onderskeidelik te belig. (3)

2.3 Wat is die funksie van die hooflettergebruik in versreël 17? (1)

2.4 Benoem en verduidelik die beeldspraak in versreël 22–25. (2)

2.5 Watter stemming is oorheersend in die gedig? (1)

2.6 Wat is die tema van die gedig? (1)

**[10]**

Kopiereg voorbehou

## VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Vraag – Lina Spies**

Verliefdheid – so is proefondervindelik vasgestel –
duur ŉ jaar, hoogstens agtien maande;
langer is die hartkloppings, die kortasemheid
nie uit te hou nie. Verliefdheid is ŉ siektetoestand.
Maar wat van wat daarop volg
as dit nie afgestorwenheid is nie, maar liefde?
Is dit draagliker omdat dit minder gerig is
op die drif gehuisves in die lendene
en meer op wat skuil in die buitekring van die sintuie,
in die glim van ŉ lag en die opslag van ŉ oog,
op dít wat jou aan ŉ geliefde bind
met ŉ kragdraad so dun
en so onbreekbaar soos ‘n haar?

[Uit: *Tydlose gety, 2002*]

3.1 Waarna verwys die titel? (2)

3.2 Benoem die beeldspraak in versreël 4 en spreek jou uit oor die funksionaliteit van die punt aan die einde van dié versreël. (2)

3.3 Watter woord dui die wending in die gedig aan? (1)

3.4 Verduidelik tot watter gevolgtrekking ten opsigte van die liefde die paradoks in versreël 12 die spreker lei. (1)

3.5 Herlees versreël 12 en 13.

Waarom is dit korrek om te beweer dat die vergelyking ironies is? (1)

3.6 Wat is die tema en moontlike boodskap van die gedig? Sê ook watter stemming is oorheersend in die gedig. (3)

**[10]**

## VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Niks is waarna dit lyk nie – Johan Myburg**

Ek ry deur sagte suurveld
vlak voor Stutterheim, verlustig my
aan plomp skape wat soos in Bach
se skaapkoraal rustig wei

in heuwels gras. Die veld is egalig groen
en wuif gifgeel plate
voorjaarblomme. Alles dui,
bo alle twyfel, op ŉ uitermate

goeie jaar. By die afklim vir ŉ foto
van dié idilliese toneel lyk
gras geler, minder geil,
meer pollerig en oorbewei, blyk

skape vrotpoterig kruppel
met klitsgras vasgewoel in wol;
lê half verskuil in gras die halfgevrete
karkas van ŉ skaap, vol

vretende organismes. Hand oor die neus
vlieg ek om, hoor ŉ gesis
en trap ŉ adder wat verraderlik bruin
in die voetpad pof net-net mis.

[Uit: *Kamermusiek*]

4.1 Wie is die spreker in hierdie gedig? (1)

4.2 Hoe word strofes wat uit vier versreëls bestaan, genoem? (1)

4.3 Gee ŉ voorbeeld van intertekstualiteit uit hierdie gedig en motiveer waarom dit hier funksioneel is. (2)

4.4 Verklaar die ironiese wending in hierdie gedig volledig. (1)

4.5 Hierdie gedig word deur halfrym baie sterk klankmatig ondersteun. Verklaar die funksie van die s-alliterasie en w-alliterasie in versreël 14 en die r-alliterasie in versreël 19 onderskeidelik. (3)

4.6 Wat is die oorheersende stemming en tema van hierdie gedig? (2)

**[10]**

**EN**

## ONGESIENE GEDIG (VERPLIGTEND)

## VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

***wat die sterre sê – Han#kass'o***

die sterre vat jou hart
want die sterre is vir jou nie bietjie honger nie!
die sterre verruil jou hart vir 'n ster se hart
die sterre vat jou hart en voer jou 'n ster se hart
dan word jy nooit weer honger nie
want die sterre sê: 'tsau! tsau!'
en die boesmans sê die sterre vervloek die springbok se oë
die sterre sê: 'tsau!' hulle sê: 'tsau! tsau!'
hulle vloek die springbok se oë
ek het groot geword luisterend na die sterre
die sterre sê: 'tsau! tsau!'
en dis altyd somer wanneer jy die sterre hoor 'tsau' sê

[Uit *die sterre sê 'tsau',* Kwela boeke, 2004]

5.1 Die titel skep afwagting oor die woorde wat die sterre moontlik gaan sê. Watter woorde is dit? (1)

5.2 Benoem die beeldspraak in versreël 1 en sê wat versreël 2 impliseer. (2)

5.3 Hoe kontrasteer versreël 2 met versreël 5? (1)

5.4 Skryf EEN woord uit versreël 4 neer wat moontlik die onwilligheid van die mens/aangesprokene om sy hart prys te gee, aandui. (1)

5.5 Motiveer waarom dit korrek is om te beweer "tsau!" (versreël 6 en 8) 'n positiewe emotiewe waarde het. Noem die maniere waarop "tsau" in versreël 8 beklemtoon word. (3)

5.6 Die spreker ken die betekenis van die woord "tsau".

Wie is die spreker in die gedig en waarom kan die stelling as geloofwaardig beskou word? (2)

**[10]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

Kopiereg voorbehou

## AFDELING B: ROMAN

Beantwoord in hierdie afdeling SLEGS EEN vraag.

### *DROOMDELWERS* – Esta Steyn

Beantwoord ÓF VRAAG 6 (opstelvraag) ÓF VRAAG 7 (kontekstuele vraag).

### VRAAG 6: *DROOMDELWERS* – OPSTELVRAAG

Die ruimtes in hierdie roman dra soms positief en soms negatief tot Leendra van Hellberg se gemoedstoestand by.

Bespreek hierdie stelling in ŉ opstel van 350–400 woorde. **[25]**

### VRAAG 7: *DROOMDELWERS* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS A**

"Lyk soos ŉ blêrrie elektriese fout," sê hy vir die vrou. "Ek sal die kar by die garage moet kry. Ons moet die goed uit die kar uit kry."

Die vrou kyk hom onseker aan. Maar die man is weer uit en hy dra ŉ klomp goed van die kar af tot op die stoep. Twee koffers, ŉ rol beddegoed en ŉ boks. "Het djy daar vir my iets?" vra hy vir die vrou. Sy maak haar beursie oop en haal honderd rand uit.

"Wat kan ek hiermee maak? Djy't nie ŉ clue wat spare parts kos nie."

Sy haal nog ŉ honderd rand uit, maar hy bly vir haar kyk totdat sy ŉ laaste vyftigrand uit die beursie haal. "Djulle sal oukei wees?" vra hy.

"Moet ons nie liewer saamgaan nie, Johnny?"

"Nou maak op djou mind. Djy't gekerm om uit te klim. Nou kerm djy weer om in te klim."

Toe kom Gerald nader en hy kyk na die jong vrou met die hartseer bruin oë. "Is daar iets wat ek kan doen?"

"Dis Tommie. Hy't koors," sê die vrou sag.

"Ek is die pastoor hier. Ons huis is net langs die kerk. Julle kan solank by ons kom wag."

"Nou toe," sê Johnny verlig vir sy vrou, "daar hoor djy wat sê die priester. Ek sal vir djulle daar kom kry, wanneer die kar klaar is. Oukei?"

Sy kyk hom bekommerd agterna wanneer hy uitstap.

Gerald steek sy hand na die vrou uit. "Ek is Gerald Killian."

7.1 In watter breër verhaalruimte speel die gebeure in hierdie uittreksel af? (1)

7.2 Wie is die vrou na wie in reël 3 verwys word? Verduidelik haar rol ten opsigte van versoening in die verhaal. (3)

7.3 Watter karaktertrek van Johnny kom duidelik in reël 7 na vore? (1)

7.4 Gerald het vantevore ook ŉ helpende hand uitgereik.

Motiveer dié stelling met ŉ voorbeeld uit die roman. (2)

7.5 Wat was Tommy se uiteindelike lot en noem wie dit vir hom draagliker gemaak het? (2)

7.6 Herlees reël 16–17.

Verduidelik hoe hierdie aanbod innerlike konflik by Gerald veroorsaak het en hoe hierdie aanbod sy verhouding met die Vlaktevleiers beïnvloed het. (2)

7.7 Herlees reël 19.

Watter aktuele onderwerp word met Johnny se terugkeer aangespreek? (1)

**EN**

**TEKS B**

Teen die skemeraand sit Mario by Samuel by die staanplek in die Kleinkloof. Samuel het ŉ vuurtjie aangesteek en ŉ paar tjoppies braai geurig op die kole. Samuel sit ŉ CD op en klassieke musiek begin deur die klowe weergalm. Mario kyk na Samuel se ernstige gesig in die lig van die vlamme.

"The Van Hellberg girl ... you know her well?"

Samuel kyk nie na hom nie. "Not too well," sê hy ontwykend.

"I like her," sê Mario.

"Why?"

Mario se donker oë is die ene passie. "Sammy boy, she is extremely rare ... scarso. And complicated. She carries a lot of sorrow inside. Like *Verde dolorosa.*"

Samuel kyk hom peinsend aan.

Mario se stem raak sag: "We'll be mining our dreams upon the place of her grief. So we shall name the new granite 'Dream Dolorosa'."

Samuel kyk in die vuur. "Dream Dolorosa ... perfect."

*Rebekka en Tommie het drie dae lank by ons gebly. Hulle het innie sitkamer geslaap. Al twee Rebekka se oë was toegeswel gewies. Haar lippe oek. Sy't sleg gelyk. Daar was blou merke op haar arms.*

Gerald kyk af op die slapende Rebekka. Sy lê in ŉ klein bondeltjie op die rusbank. Hy sit die koppie tee op ŉ tafeltjie neer en trek die kombers oor haar rug. Hy kyk na haar opgeswelde gesig. Twee emosies oorweldig hom. ŉ Oneindig diep deernis; ook ŉ wraaksugtige woede. As hy ooit weer vir Johnny Cupido sien ... die hemel behoed hom.

7.8 Watter stemming word in reëls 1–5 geskep? (1)

7.9 Om watter redes antwoord Samuel in reël 7 ontwykend? (2)

7.10 Mario se koms na Vlaktevlei het ŉ positiewe invloed op Leendra se verhouding met Samuel en op die Vlaktevleiers.

Evalueer die korrektheid van hierdie stelling. (3)

7.11 Herlees reëls 14 en 15.

Hoe sluit hierdie reëls by die titel aan? Na watter ruimte en hartseer verwys Mario? (3)

7.12 Wat het die onderstreepte karakter in reël 3 (Teks **A**) en die onderstreepte karakters in reël 1 (Teks **B**) in gemeen? Watter karakter maak ʼn einde aan Leendra se innerlike konflik en watter aandeel het die vrou in Teks **A** in die versoening tussen Gerald en Jamaina? Motiveer watter een van hierdie drie karakters het volgens jou die meeste opgeoffer? (4)

**[25]**

**TOTAAL AFDELING B: 25**

## AFDELING C: DRAMA

Beantwoord in hierdie afdeling slegs EEN vraag.

### *MY JAPAN* – Schalk Schoombee

Beantwoord ÓF VRAAG 8 (opstelvraag) ÓF VRAAG 9 (kontekstuele vraag).

### VRAAG 8: *MY JAPAN* – OPSTELVRAAG

Die ruimtes in hierdie roman dra soms positief en soms negatief tot Ilse se gemoedstoestand by.

Bespreek hierdie stelling in ʼn opstel van 350–400 woorde. **[25]**

### VRAAG 9: *MY JAPAN* – KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS C**

| | |
|---|---|
| ENGELA: | Ek's twee voet langer as almal om my. Eers was die kinders bang vir my, nou kan hulle nie ophou om aan my te vat nie! |
| ILSE: | *(lag)* Ek sal nie omgee nie. |
| ENGELA: | Hulle is behep met etiket. |
| ILSE: | Soos? |
| | *Elzette gaan af na regs.* |
| | *Die groep agter vorm klein formele groepies en beeld uit waaroor Engela praat. Hulle gebruik wasgoed en lakens om klein tablo's te skep.* |
| ENGELA: | Daar's subteks in alles, dinge wat nie gesê word nie. Jy kan nie jou eie eetstokkies regop in die taai rys staanmaak nie, behalwe by ʼn begrafnis, want dit beteken iemand is dood. Als is formeel: daar's gedragskodes vir hoe jy jouself voorstel, hoe laag jy buig, wanneer jy nie buig nie. Jy gooi nie te veel sojasous in die bakkie as jy soesji eet nie, want dan kan jy die smaak van die soesji oorweldig en die sjef beledig. |
| ILSE: | Engela, probeer jy my miskien afsit? |
| | *Die skoolklok lui en die leerlinge verdaag.* |
| ENGELA: | Ek wil nie hê jy moet ʼn prentjie van Japan in jou kop kry wat nie waar is nie. |

Kopiereg voorbehou 

ILSE: Jy maak my net meer vasberade om te gaan.

ENGELA: *(lag)* Ek was net so! Haai wag, ek moet gaan! Pas jou op.

ILSE: Skype jou weer.

*Engela gaan links af. Geluid van wind wat opsteek en die wasgoed aan die draad begin wapper – die effek word verkry deur die katrolle weerskante heen en weer te manipuleer.*

ILSE: *(tik op haar rekenaar)* Dit was 'n donker, stormagtige nag. 'n Winderige nag ...

9.1 Ilse kla net voor hierdie uittreksel by Engela oor iemand wat in haar pad staan om Japan toe te gaan en hierdie persoon se drome is nie hare nie. Wie is hierdie persoon en wat is hierdie persoon se drome? (2)

9.2 Verklaar dat Elzette in hierdie drama 'n voorbeeld van 'n buitestander is. (1)

9.3 Herlees reël 7–10.

Wat is die funksie van die toneelaanwysings hier? Verklaar ook die rol wat die wasgoed en lakens in hierdie drama speel en verduidelik wat 'n tablo is waarna hier verwys word. (3)

9.4 Maak die onderstreepte woorde in reël 11 op Ilse se verhouding met haar ma van toepassing deur TWEE redes te verskaf vir die wankelrige ma-dogter-verhouding. Noem hoe die spanning tussen die twee eindelik opgelos word. (3)

9.5 Herlees reël 21–22.

Verklaar die implikasie van Japan op konnotatiewe vlak vir Ilse. Is Ilse se gevoel jeens Japan geregverdig? Motiveer kortliks en gee TWEE redes dat die Japan-toe-gaan vir Ilse op konnotatiewe vlak tog positief is. (4)

**TEKS D**

| | |
|---|---|
| OKIKU en ILSE: | Drie! |
| GEESTE: | Drie! |
| OKIKU en ILSE en LUKAS | Vier! |
| GEESTE: | Vier! |
| OKIKU en ILSE en LUKAS en MARIOKA SAN | Vyf! |
| GEESTE: | Vyf! |
| OKIKU en ILSE en LUKAS en MARIOKA SAN en JUN | Ses! |
| GEESTE: | Ses! |
| | *Die ma kom van regs af opgestruikel, windverwaaid, tot voor op die verhoog.* |
| MA: | Waar, waar's hy? Danie! Ek was oral, in elke straat op, by elke huis, die parkie! Ilse, luister jy? |
| ILSE: | Kannie nou nie, Ma! |
| OKIKU: | Sewe! |
| GEESTE: | Sewe! |
| MA: | Die wind het my kind weggewaai! |
| ILSE: | Ek's ook jou kind, ek's nog hier! |
| OKIKU: | Agt! |
| GEESTE: | Agt! |
| | *Agter op die verhoog verskyn Danie met 'n hoepel wat hy stadig oor sy kop laat sak.* |

| | |
|---|---|
| MA: | Al plek waar ek nog nie gekyk het nie ... nee, nee ... die stormwaterpyp! |
| | *Danie word weggespoel, weggesleep deur die drie geeste.* |
| OKIKU: | *(sag)* Nege. |
| GEESTE: | *(fluisterend)* Nege! |
| OKIKU: | AAAAAAEEEEEEEUUUUUEEEEEEEEEEE! |
| | *Die geeste weeklaag saam, dis ŉ onheilige en bloedstollende lawaai, aangevul met wind en donderweer-effekte en weerlig wat blits. Hulle maal om Tessan wat sy ore toedruk en vooroor val. Die ma doen presies wat die Samoerai doen, druk haar ore toe en val vooroor. Sy bewe soos ŉ riet.* |
| ILSE: | Wat word van hom? Tessan Aoyama? |
| MARIOKA SAN: | Hy val in die kas en al de borde breek. Ure later kry die buurvrou hom langs die put met die tiende bord in sy hande vasgeklem. Die bord wat hy weggesteek het. Sy probeer dit uit sy hande vat. Maar hy klou! Hy kan nie, mag nie die laaste bord laat gaan nie ... |
| OKIKU: | Tien! |
| GEESTE: | Tien! |
| | *Geluid van ŉ enkele bord wat breek. Die geluid eggo spookagtig. Tessan val vooroor in die put en verdrink. Met ŉ groot sug verlaat die geeste die verhoog, ook Okiku en Tessan.* |

9.6 Verklaar wie Tessan en Okiku in die Griekse volksverhaal is. (2)

9.7 Watter visuele impak het die woorde in reël 21–22 om die terugflitsende gebeure te ondersteun? (1)

9.8 Gee die funksie van die ellips/beletselteken in reël 23–24. (1)

9.9 Hoe verskil die rol van die verteller in die vraag (reël 19 van TEKS C) van die vraag in reël 37 van TEKS D? (1)

9.10 Watter woorde in hierdie uittreksel is die hoogtepunt/klimaks van die drama? Hoekom word juis hierdie woorde as die hoogtepunt/klimaks beskou en verduidelik die simboliek ten opsigte van Ilse se ma. (3)

9.11 Marioka San en Jun trek aan die begin van hierdie toneel vir Ilse die kimono aan. Hoe ondersteun die aantrek van die kimono Ilse se gevoelens in hierdie uittreksel simbolies en watter verreikende gevolge hou die uittrek van die kimono kort na dié uittreksel vir Ilse in? (2)

9.12 Wat dink jy is die tema en boodskap van hierdie drama? (2)
**[25]**

**TOTAAL AFDELING C: 25**
**GROOTTOTAAL: 80**

Kopiereg voorbehou